GESNEUWELDE MAKKERS GEDENK

Oudstryders byeen

Rooiplaas sosiale tuiste vir 'parabats'

Dirk Kok

'n Tiental oudvalskermsoldate van oor die land heen en veterane van ander weermageenhede het die naweek in Bloemfontein saamgetrek om reünie te hou en makkers te gedenk wat gesneuwel het.

Die reünie Saterdagmiddag by die valskermveterane se Rooiplaas-bymekaarkomplek in Bainsvlei het met 'n parade en kransleggings begin.

Daarna het valskermspronge gevolg deur lede van die Bloemfontein-valskermklub en kol. Japie Keet, 'n Bloemfonteinse valskermsoldaat met 7 000 spronge agter sy naam.

Keet doen deesdae diens in die hoofkantoor van die weermag se valskermformasie in Pretoria.

Die fokus op die reünie het geval op die drie helikopterbemanningslede en 12 valskermtroepe van 1 Valskermbataljon in Bloemfontein wat op 9 Augustus 1982 in Operasie Meebos dood is toe hul Puma-helikopter suidoos van Cuvelai in die suide van Angola neergeskiet is.

Verskeie veterane van 61 Gemeganiseerde Bataljon in Bloemfontein wat deur die jare saam met valskermsoldate in verskeie militêre operasies geveg het, het ook die reünie bygewoon.

Genl.maj. Roland de Vries, wat in 1999 as adjunkhoof van die weermag uitgetree en in Operasie Meebos bevelvoerder van die gevegsgroep van 61 Gemeganiseerde Bataljon was, het in 'n oorsig oor Operasie Meebos hulde gebring aan die 15 gesneuwelde soldate.

"Dit is vasgebrand in my onderbewussyn. Ek kan nie daardie hartseer beskryf nie… om dit te sien. Dit was 'n baie hartseer dag vir ons daar. Daar was stilswye in die laer. Die skok was vir ons en die troepe groot."

Twee minute van stilte is deur die oudstryders gehandhaaf vir die 15 gesneuweldes nadat hul name uitgeroep is deur Nico Beneke, oudvalskermsoldaat, Bloemfonteinse sakeman en een van die stigters van Rooiplaas by Bainsvlei.

Die helikopterbemanning was kapt. John Twaddle (25), vlieënier en helikopterbevelvoerder, lt. Chris Pietersen (22), medevlieënier, en vlugsers. Grobbies Grobbelaar (31), vluging enieur. Die valskermsoldate wat dood is, is kpl. Esuas Lombard (19), o.kpl. Stephen Hoare (19) en skutters Russell Hilton-Barrett (20), Alan de Klerk (19), Anton Kruger (21), Grant Krull (20), Martin le Roux (21), Shane Patrick Mallon (20), James Thomas Marshall (19), Craig Andrew Moody (20), Andries Hermias van Niekerk (19) en André Wolmarans (20).

Die Rooiplaas-bymekaarkomplek vir oudvalskermsoldate en Rooiplaas-veteranegroepe vir oudvalskermsoldate is deur Beneke en 'n destydse regimentsersant-majoor van 1 Valskermbataljon, wyle Johan Landman, begin.

Die Rooiplaas-naam verwys terug ná die bynaam vir die 1 Valskermbataljon-eenheid in Tempe.

Beneke sê Rooiplaas is begin sodat oudvalskermsoldate kan sosialiseer en ook na mekaar kan omsien. Dié oudstrydersvereniging, wat selfs in Amerika lede het, beywer hom ook vir bystand aan oudmakkers wat in die oorlog vermink is en aan oudmakkers wat in nood is of behoeftig is, sê Beneke.

"Dit is 'n sosiale tuiste vir oudsoldate, maar ook 'n uitlaatklep en 'n plek van veiligheid. Baie manne sit met posttraumatiese stresversteuring."

Soldate van ander eenhede kan assessorlede van Rooiplaas word en vriende en ondersteuners kan ook aansluit.

Rooiplaas se aktiwiteite is te sien op die webblad rooiplaas.co.za.

Oudvalskermsoldate op parade op die reünie in Bloemfontein. Foto's: DIRK KOK

Kranse is op die reünie van oudvalskermsoldate gelê vir gesneuwelde makkers. Van links is Nois Schoeman, oudvalskermsoldaat van Riebeeckstad in die Goudveld, die afgetrede genl.maj. Roland de Vries, en Nico Beneke, Bloemfonteinse sakeman, oudvalskermsoldaat en 'n stigter van die Rooiplaas-veteranegroep. Schoeman is op die reünie vereer vir 'n verbintenis van meer as 'n halfeeu met die valskermkorps. Hy het in 1968 in Bloemfontein ingeklaar as 'n diensplig-valskermsoldaat.

Kol. Japie Keet, steeds 'n valskermsoldaat, was een van die valskermspringers op die reünie.

Kol. Japie Keet in die lug bo die Rooiplaas-bymekaarkomplek vir oudvalskermsoldate.